Bianca Jooste
Gr. 10A
Kylemore Hoërskool
Junie 2011

Hierdie kwartaal was nie te sleg nie, maar daar is wel 'n paar dinge wat my omgekrap het.

Ons Top 20 leerders van die eerste kwartaal was hierdie kwartaal afgelees. Ek staan nou 2de in ons graad, wat eintlik nie so sleg is nie, maar ek het wel besef dat ek my sokkies sal moet optrek. Ek weet ek kan beter doen. Ek het seker net myself te blameer daaroor en ek gaan alles insit om op te maak daarvoor.

Verder is die akademie heel oraait. Wiskunde en Fisiese Wetenskap is soms 'n bietjie van 'n kop krap. Die ander vakke is glad nie so sleg nie. Die werk raak soms net baie.

Ek het uiteindelik besluit om aan te sluit by Vlugbal. Ons het nog nie begin oefen of speel nie, maar ek is baie opgewonde. Dis die eerste keer in 'n lang tyd dat ek weer sport doen vir die skool.

Ek en Miché was in Mei maand by 'n werkswinkel vir Debat. Dit was glad nie wat ek verwag het dit gaan wees nie. Ek het net weer besef hoe ek soms in my eie wêreld leef terwyl daar so baie is wat rondom ons gebeur.

Die kwartaal het baie gou verby gegaan en ek is baie gespanne vir die eksamen. Ek gaan alles insit en na dit is net vakansie. Dan kan ek myself net geniet en lekker uitrus.